# DIE DOEL EN WESE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR OMGEWINGSOPVOEDING

Henning Viljoen

The broad aim of education is to supply the learner with relevant knowledge, skills and values to enable him/her to positively contribute to life and in doing so making his/her life worthwhile.

Education is a holistic process considering a wide variety of human aspects. Therefore by omitting some of these aspects e.g. sound conservation-value-teaching, the learner is not fully prepared for life. Environmental education is an important tool in reaching the goals of 'universal education'- 'education of the whole person' - 'education for life'.

## INLEIDING

Alvorens besin word oor die onderwysbeleid en -stelsel waarin opvoedingsfilosofieë gestalte en uitvoering vind, is dit nodig om omgewingsopvoeding in perspektief te plaas deur te kyk na die plek en bestaansreg van hierdie besondere opvoedingsbenadering in die universele opvoedingskader. Ofskoon; "... vroeëre gemeenskappe, en vandag nog in groot sektore van hedendaagse ongeletterde landelike gemeenskappe ... die jeug se voorbereiding tot die volwasse lewe gepaard gaan met 'n intieme, praktiese ervaring van die lewe..." (Diepeveen, 1986, bl.4), wat terloopse omgewingsgerigte opvoeding impliseer, het hierdie benadering met verloop van tyd in die ontwikkelende en ontwikkelde gemeenskappe verlore gegaan. Omgewingsopvoeding het dus nie sy regmatige plek in die opvoeding behou nie.

Om omgewingsopvoeding se bestaansreg te bevestig sou dit nodig wees om opvoedende onderwys in die algemeen te bespreek met betrekking tot die doel en wese daarvan, ten einde omgewingsopvoeding te toets aan hierdie beginsels.

## DOEL VAN OPVOEDENDE ONDERWYS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR OMGEWINGSOPVOEDING

Soos met enige lewenshandeling het opvoedende onderwys altyd 'n doel. "Iemand wat 'n kind opvoed, het altyd 'n duidelike doel in gedagte" (Harmse, 1979, bl.23). Ook Gunter hulding die mening dat "...orals en altyd waar opgevoed word en onderwys gegee word, dit met 'n bepaalde doel voor oë gedoen word" (1981, bl.109). Daar moet onderskei word tussen die doelstellings van opvoedende onderwys en die einddoel wat bereik word deur die nastrewing van hierdie doelstellings. Gunter praat van die naderliggende doelstellings (1981, bl.105). Wat die enddoel van opvoedende onderwys betref, gaan die meeste opvoedkundiges akkoord dat die opvoedeling, in hierdie geval die kind, op so 'n wyse ontplooi word dat hy volgens sy besondere vermoëns uiteindelik as volwassene sy plek as volledig-ontslote mens in die wêreld kan vol staan om daardeur sy roeping te kan vervul. De Vries omskryf opvoeding, "as die hulp, steun en omhoogleidende begeleiding van 'n nie-volwassene deur 'n volwassene in eersgenoemde se opwegwees na 'n sodanige graad van volwassenheid as wat vir hom toereikend is om in sy bepaalde kultuurkring op 'n aanvaarbare wyse sy plek in die grootmenswereld te kan inneem" (1986, bl.12). Gunter beskryf dit as volwassenheid wat onder andere selfstandigheid, vryheid, verantwoordelikheid, bekwaamheid tot die behoorlikheidseise ensovoorts impliseer (1986, bl.107). Nou aansluitend by genoemde sienswyses met betrekking tot die einddoel van opvoedende onderwys huldig Jeffreys die volgende mening: "It would be generally agreed that the aim of education is the full and balanced development of persons" (1972, bl.3). Deur die volledige ontsluiting van die mens sal hy homself kan aktualiseer in die lewe deur sy optredes wat gegrondves is in 'n gesonde, gebalanseerde ontwikkeling deur opvoeding.

Die begrip 'volwassenheid' onderskryf die einddoel van opvoedende onderwys. As mens die vraag vra wat volwassenheid beteken, sal verskeie antwoorde verstrek word na gelang van verskillende lewensbeskouings. Volwassenheid is 'n relatiewe begrip in die algemene spreektaal, hoewel dit gekwalifiseer en omskryf word vanuit 'n opvoedkundige perspektief.

Soos reeds uiteengesit kan volwassenheid as die einddoel van opvoedende onderwys probeer bereik word deur die volgende doelstellings na te streef: vaslegging van kennis by die opvoedeling, aanleer van vaardighede, aanvaarding van vernatwoordelikheid, vryheid, behoorlike verrigting van sy eie lewenstaak, lewe in ooreenstemming met behoorlikheidseise, selfstandige denke, aktiewe betrokkenheid in die gemeenskap ensovoorts. Dit is duidelik uit voorgaande dat om hierdie doelstellings te bereik, die mens in sy totaliteit opgevoed sal moet word. Hy moet nie net verstandelik ontplooi word nie, maar ook gevoelsmatig. Dus moet die kognitiewe sowel as die affektiewe aangespreek word. Gunter praat van die "hoof, hand en die hart" (1981, bl.11).

Dit is egter so dat in hierdie tyd van die kennisontploffing, moderne tegnologie en wetenskap, die kognitiewe aspekte van die mens oorbeklemtoon word ten koste van die gevoelsmatige en sedelike aspekte. Vandaar die vervlakking in die mensdom se morele waardesisteme. Om omgewingsopvoeding byvoorbeeld te laat slaag sal die etiese (sedelike) modaliteite van die mens goed ontwikkel moet word! "Deur die verstandelike, redelike opvoeding kom die mens langsamerhand tot die verwerwing van een van sy hoogste vereistes, naamlik tot kennis van die waarheid. Maar die mens is ook 'n sedelike wese. Hy moet ook kom tot die kennis van die goeie. Daar moet ook 'n sedelike (etiese) doelstelling in die opvoeding wees" (Coetzee, 1965, bl.216).

Die mens is op aarde geplaas om 'n

kultuuropdrag uit te voer. Hierdie kultuuropdrag impliseer dat die Skepping aan hom toevertrou is, en hy daartoe gemaan is om daaroor te heers en te waak: "Ons geplaas in die wêreld ... en toegerus met al die gawes ... is die mens voorsien van die opdrag en amp om in die wêreld iets sinvols te doen, naamlik ... die bewerking van die akkers, versorging en versiening ..." (TOO, **Jeugweebaarheidsgids vir Onderwysstudente**; OKVO, bl.13). Die mens sou dit kon volvoer as hy aan die kriteria vir 'volwassenheid', soos genoem, sou voldoen.

Opsommend kan die doelstellings ter bereiking van die einddoel afsonderlik toegelig word.

**Kennis**

Die mens moet kognitief ontwikkel word deur die voortdurende openbaring van die bekende aan hom. Kennis is essensiëel vir enige wilshandelinge en besluite wat die mens moet onderneem. Kennis ter wille van kennis is nie voldoende nie, maar kennis wat toegepas kan word is waardevol vir die ontwikkeling en voortbestaan van die mens. Met die verworwe kennis van die mens kan hy vaardighede aanleer (fisiese en psigiese). Die mens moet hom dus "... in die wêreld oriënteer ..." volgens Harmse (1979, bl.26).

Hierdie oriëntasie kan noodwendig nie doeltreffend plaasvind indien 'n persoon nie ook kennis en begrip het van sy totale omgewing, te wete die probleme daarvan, interverwantskappe van die verskillende komponente daarvan, en die mens se kritieke rol daarin het nie. Dit is immers een van die beginsels van omgewingsopvoeding soos in die Belgrado Oktrooi vervat; "to help individuals and social groups acquire the basic understanding of the total environment ..." (in **Midmar-werksdokumente vir 'n nasionale beleid vir omgewingsopvoeding**, 1984).

**Verantwoordelikheid**

Volgens Harmse (1979, bl.25) is die werklike maatstaf waarvolgens 'volwassenheid' bepaal word, "... die aanvaarding deur die betrokke persoon van verantwoordelikheid vir sy persoonlike lewe". Nie net verantwoordelikheid vir sy persoonlike lewe nie, maar verantwoordelikheid teenoor sy medemens en die sameleweing in sy geheel moet tydens opvoeding vasgelê word. Die mens moet dus opgevoed word in so 'n mate dat hy verantwoording sal aanvaar as mens-in-samelewing.

Ook die vestiging van 'n verantwoordelikheidsin teenoor sy leefwêreld wat insluit die fisiese en die menslike daarvan, is 'n opgawe van opvoedende onderwys. Die mens in samelewing is verbind daartoe om die behoud van die leefwereld hoog aan te slaan aangesien dit 'n medemenslike plig is. Ons deel die wêreld nie net met die huidige geslag nie, maar met toekomstige geslagte. Die beginsel word soos volg saamgevat in die Belgrado Oktrooi van 1975; "... to help individuals ... develop a sense of responsibility and urgency regarding environmental problems." (Midmarwerks-dokumente, 1984).

**Selfstandige denke**

"'n Volwassene is iemand wat trou kan bly tot die uiterste konsekwensies van sy beslissings. Sy keuses en die handelinge wat daaruit moet voortvloei word bepaal deur behoorlikheidseise wat spreek uit 'n hoogs waardevolle waarde-idee, dit wil se wat hy as hoogste waarde vir hom persoonlik beskou" (Landman, 1977, bl.52). Hierdie mens kan dus alleen besluit en aanspreeklikheid aanvaar vir sy doen en late. Hy word gerig deur 'n gebonde gevoel van selfstandigheid. Dit is so jammer dat jongmense volgens baie van die hedendaagse doktrines gestrem word in hulle selfstandigheid ten opsigte van denke. Hier kan verwys word na die hoë druipsyfer aan Suid-Afrikaanse Universiteite as gevolg van skoolverlaters wat so gewoond geraak het aan 'spoon-feeding' aan skole.

Hierby sluit nou aan 'n goeie oordeelsin. 'n Selfstandigdenkende mens vra altyd vrae en evalueer die antwoorde krities. Hy beoordeel dit aan die hand van die vasgelegde kriteria in sy verwysingsraam. Vir mense om aandag te gee aan die omgewingsprobleme sal hulle noodwendig hierdie evaluasievermoë ten opsigte van die omgewing en bewaaringsaangeleenthede moet aanleer "... to help individuals and social groups evaluate environmental measures and education programmes in terms of ecological, political, economic, social aesthetic and educational factors" (Midmar-werksdokumente, 1984).

**Aktiewe betrokkenheid in die gemeenskap**

Die mens moet nie 'n passiewe meeloper in die lewe wees nie. Dit sal van tyd to tyd van hom verwag word om betrokke te raak in die samelewingsaktiwiteite. Hy moet dus voorberei word om sy deel daar by te dra om sodoende 'n sinvolle bydrae te kan maak as burger van sy land.

Betrokkenheid by die lewensaktiwiteite hang nou saam met verantwoordelikheid. Een van die groot struikelblokke van ons tyd met betrekking tot omgewingsopvoeding is die gebrek aan 'n betrokke gemeenskap in die oplos van omgewingsvraagstukke. Saam met 'n verantwoordelikheidsin kom betrokkenheid ten opsigte van omgewingsbewaring.

## DIE WESE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR OMGEWINGSOPVOEDING

**Opvoedende onderwys as onder andere gemeenskapsverantwoordelikheid**

Elke individu is deel van die gemeenskap. Hy verteenwoordig dus die gemeenskap waarvan hy 'n lid is. Onderwys word gerig volgens die besondere behoeftes van die gemeenskap wat op sy beurt gegrondves is in die gemeenskapsmotiewe. Hierdie grondmotiewe van 'n gemeenskap bepaal dus die 'aard van die onderwys'. "So stel die gemeenskap byvoorbeeld bepaalde minimum opvoedingsnorme aan sy lede" (Van Schalkwyk, 1986, bl.18). Volgens Stone is die grondmotief die geestelike wortel van die gemeenskapslewe; "Uitinge daarvan word gevind in ... onderwysstelsels ..." (1974, bl.105). Opvoedende onderwys sal dus moet voldoen aan die eise van die gemeenskap. Hierdie eise

ontstaan vannuit die grondmotief wat op sy beurt deur opvoedende onderwys gevestig is. Dit is dus 'n kontinue kringloop van beinvloeding van een geslag op die volgende.

### Opvoedende onderwys as mensontsluiting

Eerstens moet dit prinsipieel-verantwoordbare mensontsluiting wees. Dit impliseer opvoeding met die oog op wat behoort te wees, volgens Van Schalkwyk (1986, bl.20). Die mens moet dus so ontsluit word dat hy aan daardie norme van 'volwaardige mens' sal voldoen. Daarby word bedoel volledig toegerus vir sy lewenstaak op aarde. As hy nie 'n sin van waardering vir die omgewing het nie is hy immers nie volledig toegerus vir die lewenstaak nie.

Opvoedende onderwys moet ook totale mensontsluiting behels. Al die mens se moontlike vermoëns moet ontsluit word, byvoorbeeld sy geloofsvermoë, vermoë om eties te lewe, om as gevoelsmatige wese te leef, waardes af te weeg en korrek te kies. In die lewenspraktyk word van die mens verwag om sy plek vol te staan. As hy nie totaal onstluit is nie, sal hy tekortkominge in sy vordering in die lewe toon, en sal hy te kort skiet ten opsigte van verwagtinge wat van hom as goeie landsburger verwag word. As die kind se sin vir estetiese of sin van verantwoordelikheid nie ontwikkel het nie, sal hy destruktief inwerk op sy omgewing en medemens. Hy sal dus nie 'n waardering vir sy omgewing toon nie.

Opvoedende onderwys moet ook gedifferensieerd wees. Die feit dat mense verskil ten opsigte van hul vermoëns, geslag, agtergrond, kultuur ensovoorts sal dit noodsaaklik wees om die onderwys aan te pas sodat met inagneming van hierdie verskille, ontsluiting steeds sinvol kan plaasvind. Van die rigtinggewende beginsels van omgewingsopvoeding wat toepassing vind by bogenoemde is: "To utilise diverse environments and a broad array of educational approaches, ... focus on the learner's own community, ... relate environemntal sensitivity, knowledge, problem-solving at every school level" (Hurry, 1982, bl.45). Die differensiasiebeginsel is dus noodsaaklik ook vir die doeltreffende toepassing van omgewingsopvoeding.

Opvoedende onderwys is voorts ook nie net vir die kind bedoel nie. Alle lede van die gemeenskap moet op 'n deurlopende basis opgevoed word. Opvoeding is dus 'n lewenslange proses. Voorbeelde van openbare opvoedingsaksies is padveiligheidsopvoeding, gesondheidsopvoeding en omgewingsopvoeding.

Opvoedende onderwys moet verseker dat relevant geselekteerde werkilikheidsinhoude ontsluit word. Relevante onderwys impliseer die ontsluiting van daardie aspekte van die werklikheid wat vir die leerder toepassingswaarde in de lewe inhou. Funksionele onderwys is dus noodsaaklik. "Young people need a function. Education has a duty to find and prepare them for that function, not to reduce them to bored, repressed and frustrated kids. That is relevance" (Ball, 1973, bl.162).

Die holisitiese benadering van omgewingsopvoeding wat nie alleen bewaringsgerig is nie, maar wat 'opvoeding vir die lewe' is, kan 'n groot bydrae lewer tot relevansie in die onderwys. Die leefwêreld is immers deel van die alledaagse en dit is 'n uiters aktuele onderwerwerp. Omgewingsopvoeding is 'n onderwysbenadering wat die aanpassing van die mens in sy wereld bevorder.

### Opvoedende onderwys as 'n samelewingseis

Benewens die invloed van 'n volk se grondmotiewe op die onderwysbenaderings, is daar ander determinante wat van tyd tot tyd die opvoedingsfilosofieë beïnvloed. Daar vind gedurig veranderinge in die samelewing plaas, waaruit behoeftes en probleme ontstaan wn wat eise stel aan die onderwys van daardie gemeenskap. Hierdie eise moet aan gehoor gegee word ter wille van die volledige ontsluiting van die kind. As daar nie tred gehou word met veranderde behoeftes in die samelewing nie, word die kind nie volledig toegerus vir die lewe nie, en sal die gemeenskap uiteindelik die wrange vrugte pluk. Die opvoedeling sal nie aangepas wees by die veranderde wêreld nie. Dit is dus belangrik dat opvoedende onderwys so gerig moet wees "... om van die kind 'n mens te maak wat homself kan handhaaf en kan aanpas om binne die huidige praktyk met sy probleme en uitdaginge te kan lewe" (Van Schalkwyk, 1981, bl.220).

Die problematiek rondom omgewingsbeskadiging en -agteruitgang is voor-die-hand-liggend. Feit van die saak is dat hierdie omgewingskrisis 'n bewys is dat onderwys tydens die afgelope paar eeue, maar hoofsaaklik die 20ste eeu, nie tred gehou het met die veranderde omstandighede nie. Die onderwys het sy gemeenskap nie volledig ontsluit nie, aangesien die mens se verantwoordelikheidsin, estetiese sin ensovoorts, afgestomp is. Dit is om hierdie rede dat omgewingsopvoeding so 'n noodsaaklike onderwysbenadering is aangesien dit die mens wat in 'n wanverhouding tot sy omgewing staan, weer sal bewus maak van sy verantwoordelikheid teenoor sy leefomgewing. Ook binne die huidige stelsel van onderwys moet omgewingsopvoeding noodwendig deel wees van die totale onderwysbenadering en onderliggende filosofie.

## DIE ESTETIESE, ETIESE EN KULTURELE APPEL TOT OMGEWINGSOPVOEDING

Daar bestaan geen twyfel oor die feit dat elke mens inherent tot 'n mindere of meerdere mate die skone van die lewe kan waardeer. Hierdie sluimerende funskie van die estetiese in elke mens moet egter deur opvoedende onderwys ontsluit word. Dit word gedoen deur die emosies van die mens op te wek sodat hy die skoonheid van die fisiese skepping kan waardeer "en in sy aanpassing aan die lewe moet die mens ook gebring word tot die waardering en liefde vir die skone. Daar moet 'n estetiese doelstelling in die opvoeding wees" (Coetzee, 1965, bl.217).

Die noodsaaklikheid van omgewingsopvoeding lê juis in hierdie beginsel van 'n waardering vir die omgewingsgeordenheid (Skepping). Die mens wat die estetiese van sy fisiese leefwêreld besef, sal sekerlik ook 'n verantwoordelikheidsgevoel daarteenoor ontwikkel. Die mens is geplaas op aarde om te heers oor die Skepping. Dit is ons kultuuropdrag. Deur die skepping te waardeer sal ons dit ook beskerm. Dit is

dus onmoontlik om die kind volledig te ontsluit as die estetiese en verantwoordelikheid teenoor die mooie, nie verreken word in die opvoeding nie. Die opvoedingseis impliseer immers 'n volledig ontslote mens, wat alleenlik sy kultuuropdrag kan uitvoer as al sy moontlikhede en vermoëns onstluit is, onder andere sy "... geloofsvermoë, sy vermoë om eties te lewe, as gevoelsmatige, om waardes te kan afweeg, skoonheid te waardeer en 'n sin daarvoor te hê" (Van Schalkwyk, 1981, bl.64). Om opvoeding vannuit 'n omgewingsperspektief te benader kan inderwaarheid hierdie opvoedingseis aanspreek omdat die mens in verhouding tot sy omgewing staan. Hy is in die wêreld geplaas, en die omgewing bied hom al die stof wat van hom 'n volledige ontslote mens sal maak.

Die mens het ook 'n besliste verantwoordelikheid teenoor sy kultuuropdrag naamlik om die skepping te beheers. Onder hierdie begrip word implisiet ook bedoel die beskerming daarvan. Die mens moet dus in 'n gesonde verhouding met sy omgewing staan. Dit is 'n opvoedingseis. Hurry is van mening dat opvoeding se belangrikste doel moet wees om die mens te leer om in 'n verantwoordelike verhouding met sy omgewing te staan. "The basic aim of education is to lead the individual into a responsible relationship with his total environment ..." (1982, bl.65).

Die mens se verantwoordelikheid strek agter verder as net teenoor sy fisiese omgewing. Hy moet ontplooi word in die opvoedingsproses aan die hand van sy verantwoordelikheid teenoor sy menslike omgewing. "Die lewende wese moet opgevoed word om hom in en aan te pas aan sy fisiese omgewing, maar ook aan sy menslike omgewing" (Coetzee, 1965, bl.213). Dit wil dus voorkom dat opvoeding in sy wydste betekenis neerkom op die aanpasbaarmaking van die mens in sy omgewing. "Education in the widest sense, includes the whole process of development through which a human passes from infancy to maturity: his gradual adaptation to his environment" (Fuggle, 1982, bl.11). Uit bogenoemde stellings kan dus afgelei word dat alle opvoeding eintlik omgewingsopvoeding kan wees.

## HOE KAN OMGEWINGSOPVOEDING VOORSIEN WORD IN DIE ONDERWYSSTELSEL VAN DIE RSA?

Opvoeding en onderwys word deur alle gemeenskappe onderneem op elkeen se partikuliere wyse vannuit die lewensbeskouing van daardie gemeenskap. Die taak van die onderwys is die taak van die gemeenskap. Deur opvoedende onderwys word die behoeftes en eise van die gemeenskap verreken, deur die bepaling van 'n onderwysbeleid. "Wat ook al sy begeertes of verwagtinge van die onderwys, dit spruit uit die diepste oorbetuiginge van die mens se hart, en vind neerslag in die vorm van 'n onderwysbeleid ..." (Van Schalkwyk, 1986, bl.67). Die onderwysuitvoering sal dus bepaal word deur die neergelegde beleid. Die beginsels wat gewoonlik die beleid bepaal, sal dus in hierdie geval ook die beginsels van omgewingsopvoeding moet bevat. Die filosofie wat deur omgewingsopvoeding onderskryf word, sal gestalte moet vind in die onderwysbeleid. Om omgewingsopvoeding doeltreffend te laat plaasvind, sal die filosofie van Coombs nodig blyk te wees "... the new stress (on education) must not be so much on producing an educated person, as on producing an educable person who can learn to adapt himself efficiently all through his life to an environment that is constantly changing!" (in Hurry, 1982, bl.25).

Voorts moet die holistiese (multi-dissiplinêre) benaderingswyse van omgewingsopvoeding inslag vind in die bestaande onderwysstelsel. "The holistic nature of environemntal education lends itself to the embodiment of all other approaches to education such as health education, education for democracy, moral and social education" (Irwin, 1987, bl.2).

### Keuse van leerstof

Leerstof moet so geselekteer word dat dit relevant is vir die kind, onder andere sodat hy 'n bydrae tot die verbetering van sy lewenskwaliteit kan lewer. Die uitspraak van Julius Nyerere; "... we should determine the type of things taught ... in schools by the things the boy or girl ought to know, that is the skills he ought to require and the values he ought to cherish if he or she is to live happily and well in society and contribute to the improvement of life there" (in Ball, 1973, bl.191), onderskryf die doelstellings van omgewingsopvoeding. Die kurrikula moet ook so ontwerp en aangepas word dat omgewingsgeletterdheid verseker kan word by die leerder.

### Onderwyseropleiding

Hierdie aspek van die onderwys is sonder twyfel die belangrikste met betrekking tot vestiging van die omgewingsopvoedingsfilosofie. Die onderwysers sal moet besef dat elke vak aangewend kan word om deur middel van algemene opvoeding ook die beginsels van omgewingsopvoeding te akkommodeer in die aanbieding van sy lesinhoude.

### Hulpdienste

Die verskeidenheid van onderwyshulpdienste soos die museumdiens, skoolreisdiens, buitelugopvoeding, voorligting ensovoorts is waardevolle instrumente in die hand van die onderwysowerhede om die onderwystaak aan te vul ook met betrekking tot omgewingsopvoeding.

## SAMEVATTING

Dit is baie duidelik dat die doel en wese van opvoedende onderwys nie volledig geformuleer kan word sonder inagneming van die doel en wese van omgewingsopvoeding nie. Omgewingsopvoeding is so 'n wye funksieveld dat dit eintlik beskou kan word as 'universele opvoeding'. Dit is opvoeding vir die lewe!

## VERWYSINGS

BALL, C. 1973: **Education for change.** Penguin. Harmondsworth.

COETZEE, J.C. 1965: **Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde.** Van Schaik. Pretoria.

*Vervolg op. bl. 15*